

FRESH NOTES


A TECHNICAL UPDATE PUBLISHED BY HORTGRO SCIENCE

Boordpraktyk vir risikobestuur tydens Covid-19

In die lig van die voorspelling dat Covid-19 infeksies in Suid-Afrika in Sept/Okt gaan piek, bestaan die moontlikheid dat produsente dalk 'n tekort aan permanente of seisoenale arbeid gaan ondervind.

Hierdie tekorte mag 'n impak op die uitvoer van normale, tyd-sensitiewe boordpraktyke soos snoei, blom- en vruguitdunning hê. Hoewel sommige plase die ergste negatiewe effekte van Covid-19 mag vryspring, is dit 'n veilige benadering om strategieë vir risiko-beperking te hê. Soos die spreekwoord sê beplan vir die ergste en hoop vir die beste...

Hortgro het besluit om proaktief, soos met die onlangse (en vir sommige, voortslepende) droogte, die hulp van tegniese adviseurs in te roep om te bepaal hoe normale boordpraktyke moontlik deur Covid-19 geaffekteer kan word en wat om daaraan te doen.



Let daarop dat die bedoeling nie is om 'n resep of volledige stel riglyne daar te stel nie. Die arbeid situasie op elke plaas verskil (vanweë o.a. streek, vrugsoort, grootte van die paas, opleistelsels, waar arbeid bly, ens.), gevolglik gaan dieselfde benadering nie vir almal werk nie.

Die doelwit is om produsente te wys hoe arbeidbeperkinge tydens verskillende tye gedurende die seisoen, boordpraktyke mag beïnvloed - sodat planne gemaak kan word om tekorte die hoof te bied. Hierdie planne mag natuurlik ook handig te pas kom indien arbeid om welke rede ookal in die toekoms beperk is.

Ons beweeg tans in onbekende terrein en daar is 'n aansienlike vlak van onsekerheid en gepaardgaande risiko verbonde aan enige strategie wat daarop gemik is om die impak van Covid-19 te versag.

Daarom, alhoewel ons poog om produsente van relevante en bruikbare inligting te voorsien, beveel ons produsente ten sterkste aan om enige strategieë eers met hul tegniese adviseur(s) te toets alvorens enige daarvan in werking gestel word!

Die tegniese adviseurs betrokke by die daarstel van hierdie dokument:

Keith Bradley, Petru du Plessis, De Kock (Hammies) Hamman, Willie Kotze, Graeme Krige, Angelique Pretorius, Charl Stander, Mico Stander en span, en Tobie van Rooyen

FRESH NOTES

A TECHNICAL UPDATE PUBLISHED BY HORTGRO SCIENCE

1. Hoe gaan ek bome snoei indien ek 'n aansienlike aantal arbeider-ure vanweë Covid-19 verloor?

Die arbeidsituasie van plase verskil (vanweë o.a. streek, vrugsoort, grootte van die plaas, opleistelse, waar die arbeiders bly, ens.) en 'n een-pas-almal strategie daarom nie werk nie. Snoeistrategieë kan aansienlik verskil tussen kommoditeite en kultivars.

- Maak 'n lys van alle snoei wat moet plaasvind en stel 'n tydlyn op – sluit die arbeid wat hierby benodig word, in.
- Rangskik boorde volgens snoeibehoeftes – sommige produsente-groepe gebruik 'n Groei Indeks Matriks om snoeibesluite toe te lig. So 'n matriks is handig om snoei tydens onsekere omstandighede te beplan.
'n Groei Index Matriks behels die volgende:
 - a. Klassifiseer groeikrag volgens die lengte van nuwe groei wat nie vanuit snoeisnitte ontstaan het nie (1 tot 5)**
 1. 10cm of minder
 2. 10 tot 20cm
 3. 30cm (ideaal)
 4. 40cm
 5. Waterlote (>50cm)
 - b. Dan volgens kultivar kan mens 'n plan optrek;**
 - Die beste tyd van snoei
 - 'n Boord met 'n telling van 1 tot 3 is byvoorbeeld meer geskik vir 'n gedetailleerde snoei gedurende mid-winter
 - 'n Boord met 'n telling van 4 of 5 is eweneens meer geskik vir herfs lighuishouding (moontlik net die skoorsteen, vurke en waterlote, en die verwydering van een of twee raamtakke wat oormatige oorskaduwing veroorsaak)
 - Sekere kultivars (soos Fuji) word verkieslik in die lente (na blom) gesnoei.
 - c. Die matriks sluit dus in;**
 - Kultivar
 - Tydsberekening – Somer, herfs, winter, lente
 - Aksie – Detail snoei, alleenlik lighuishouding, raamtak verwydering, ens.
 - Beskrywing – Spesifiek vir elke kultivar bv. 1;2;3 metode, verhoudings, ens.
- Begin snoei so gou as moontlik – takel die groeikragtige boorde waar moontlik net lighuishouding nodig is, eerste. Dit is goed om so gou moontlik meer lig by die knoppe

FRESH NOTES

A TECHNICAL UPDATE PUBLISHED BY HORTGRO SCIENCE

te kry, en dan weet mens ook hierdie boorde is klaar. Verwyder die nodige takke, knopkieries en maak die skoorstene so ver moontlik skoon. Die risiko vir hergroei is minder onder die teenswoordige klimaatstoestande. Bestuur naoes-bemesting-toediening om hergroei te voorkom.

- Indien arbeid makeer vir blom- (sekere steenvrugte) en vruguitdunning, onthou dat snoei die goedkoopste en ook 'n effektiewe manier van uitdun is. Daarom mag dit sin maak om vroeg te begin snoei en dit klaar te kry om sodoende die werk tydens uitduntyd te verminder.
- By steenvrugte kan die gebruik van groter, strategiese snitte en minder detail-snoei (buiten dat dit die uitdun wat nodig is verminder), ook ligverspreiding en vrugkwaliteit verbeter.
- Oorweeg om herfssnoei en saagwerk af te handel terwyl arbeid nog beskikbaar is. Begin vroeër snoei terwyl seisoenale arbeid nog beskikbaar is, of hou sekere arbeiders terug.
- Snoei tydens groenpunt of selfs net na blom, kan vrugset van pere en groeikragtige appels verhoog en groeikrag verminder. Oorweeg hoe hierdie boorde (wat ten beste in die lente gesnoei moet word), hanteer gaan word indien daar nie genoeg arbeid beskikbaar is nie.
- Indien daar 'n hoë risiko bestaan vir 'n ernstige arbeidstekort, kan dit oorweeg word om boorde wat nie koste-effektief is nie en wat op die vervangingslys is, ongesnoei te los of te heiningsnoei en hierdie boorde dan vir sap te oes.
- Oorweeg ontblaringspuite om blaarval te versnel om sodoende vroeër te kan begin met detailsnoei.
- Groei in 2020/21 kan met Proheksadioon-Ca (in die geval van appels) of met geregleerde tekortbesproeiing beheer word.

Opsomming:

- **Begin en voltooi herfs-snoei vir lighuishouding so gou as moontlik.**
- **Snoei normaal in winter en lente soos beskikbaarheid van arbeid dit toelaat.**
- **'n Groter fokus op groter snitte en minder detail snoei.**
- **Planne moet gereed wees vir die hantering van boorde wat in die lente gesnoei moet word, indien arbeid beperk is.**

Bykomende notas:

- *Kernvrugbome op dwergende onderstamme verg minder snoeiwerk omdat hierdie bome kleiner is, en snoei besluite dus minder kompleks is.. Dit verhoog produktiwiteit (minder arbeidsure nodig per hektaar). Nog 'n rede om in die toekoms oor te skakel na dwergende onderstamme.*
- *Oorweeg die opsie om bykomende werkers vanuit die werklose arbeidsmark te bekom. Neem in ag dat daar hoër risiko's is en meer uitdagings met die voorkoms, beheer en verspreiding van infeksies deur die gebruik van hierdie werkerskorps. Snoei is ook 'n spesialisvaardigheid wat nie oornag aangeleer word nie.*

FRESH NOTES

A TECHNICAL UPDATE PUBLISHED BY HORTGRO SCIENCE

- *Werk saam en deel dalk die beskikbare arbeidsmag tussen plase.*
- *Pas betalingstrukture aan om werkers te motiveer om langer ure en meer konstant te werk. 'n Normale oes, gegewe dat normale bestuur moontlik is, gaan waarskynlik die korttermyn kosteverhoging regverdig.*
- *Plaasgrendeling kan infeksie-risiko vir werkers verminder.*

2. Hoe om blomme en vruggies uit te dun indien 'n aansienlike aantal werksure vanweë Covid-19 verloor word, of indien my trekkerdrywers siek of ingeperk is?

Net soos vir snoei, is daar nie een enkele strategie vir uitdun van kern- en steenvrugte wat vir almal werk nie. Uitdunstrategieë sal op boordvlak oorweeg en aangepas moet word. Vanweë die interaksie tussen snoei, rusbreking en uitdunning, behoort hierdie strategieë saam oorweeg te word.

- Uitdun is meer tydsensitief as snoei. Gegewe dat infeksies volgens voorspellings in September/Okttober gaan piek, is uitdun waarskynlik waar ons grootste risiko lê ten opsigte van die beskikbaarheid van arbeid. Gevolglik moet ons alles binne ons vermoë doen om die handuitdunbehoefte van blomme en vruggies te verminder.
- In die geval van kernvrugte, gaan ons eers met blom 'n idee kry van die uitdunbehoefte.
- Aan die positiewe kant het kernvrugprodusente 'n reeks baie effektiewe chemiese uitdunmiddels om vanuit te kies. Dit mag wel nodig wees om voortydig seker te maak van die beskikbaarheid van produkte en om te koop indien haalbaar. Daar is steeds produsente wat chemiese uitdunning glad nie of net tot beperkte mate benut. Hierdie produsente word sterk aangeraai om dit die komende seisoen te oorweeg. Sien uitgawe 4 van die Fresh Quarterly vir artikels oor chemiese uitdun – die Fresh Quarterly kan via die volgende skakel bereik word - <https://www.hortgro-science.co.za/fresh-quarterly/>
- Indien daar 'n risiko is van arbeidstekorte gedurende handuitdunning van kernvrugte, wil mens regdeur die chemiese uitdunvenster so effektief moontlik uitdun ten einde 'n vruglading te verkry wat so na as moontlik aan die verlangde vruglading is. Dit sal die handuitdunbehoefte verminder. Terwyl ons gewoonlik kernvrugte moet uitdun, benodig alle boorde nie noodwendig handuitdunning nie – dit mag dalk vir die meeste boorde geld in die komende seisoen...
- Goeie rusbreking om 'n uniforme en gekondenseerde blom te verkry is verkieslik omdat dit die effektiwiteit van chemiese uitdun in kernvrugte verhoog. Rusbreking mag ook die blom van steenvrugte kondenseer en die aantal plukke verminder. Die besluit om 'n rusbrekende middel toe te dien op steenvrugte hang af van die seisoen en kultivar en moet daarom eers met 'n tegniese adviseur getoets word.

FRESH NOTES

A TECHNICAL UPDATE PUBLISHED BY HORTGRO SCIENCE

- Die punt in die vorige afdeling oor snoei as 'n uitdunstrategie het betrekking op kernvrugte, maar nog meer op steenvrugte - waar chemiese uitdunopsies nog nie beskikbaar is nie.
- Indien mens wel genoeg arbeid het om blomme uit te dun, is dit raadsaam om dit so deeglik as moontlik te doen om die nodigheid vir daaropvolgende skoonmaak van vrugte te beperk. Vruguitdunning is alleenlik vir pruimkultivars wat kruisbestuiwing benodig.
- Sommige groter steenvrugprodusente het meganiese uitdunmasjiene wat die komende seisoen baie handig te pas gaan kom vir daardie boorde waar die opleistelsel en boomstrukture geskik is vir meganiese uitdun. Miskien is daar nog geleentheid om so 'n masjien aan te skaf of om toegang tot een te kry. Kleiner produsente kan die opsie ondersoek om 'n masjien by 'n verskaffer te huur. Let wel dat meganiese uitdunning nie vir pruimkultivars wat kruisbestuiging benodig, aanbeveel word nie.

Opsomming:

- **Verminder die uitdunbehoefte deur effektiewe snoei.**
- **Verrig chemiese uitdun van kernvrugte so effektief en deeglik as moontlik om sodoende die handuitdunbehoefte te verminder.**
- **Buiten om die uitdunbehoefte deur snoei te verminder, moet steenvrugte so effektief en deeglik as moontlik uitgedun word sodat slegs 'n enkele uitdun dalk nodig is.**

Bykomende notas:

- *Dit is raadsaam om nog trekkerdrywers op te lei sodat die tydige aanwend van rusbreek- en uitdunmiddels kan voortgaan, indien die gewone drywers nie beskikbaar is nie.*
- *Ondersoek afstandwaarnemingstegnieke of gebruik boordwaarnemings om areas met hoë blomdigthede te identifiseer en fokus aksies op areas met hoë uitdun behoeftes – hierdie is meer van toepassing op kernvrugte. Sekere dienste is beskikbaar maar nog nie volkome kommersieël nie.*
- *In die ekstreme maar onwaarskynlike scenario dat daar nie arbeid vir handuitdunning beskikbaar is nie, kan dit oorweeg word om nie byekorwe in boorde te plaas nie. Dit sal set en die uitdun behoefte verminder.*
- *Nog 'n buitengewone intervensie is om boorde wat nie koste-effektief is nie en wat op die vervangingslys is nie uit te dun nie en die vrugte vir sap te oes.*

FRESH NOTES

A TECHNICAL UPDATE PUBLISHED BY HORTGRO SCIENCE

3. Hoe en wanneer gaan ek nuwe boorde plant indien arbeid vanweë Covid-19 nie beskikbaar is nie?

- Plant pere en steenvrugte so gou moontlik.
- Probeer ook om appelbome so gou moontlik te plant of hou die bome in 'n koelkamer tot arbeid beskikbaar is. In ekstreme gevalle kan bome tot Desember in koelkamers gehou word, maar die risiko van skade en vestigingskok neem toe. Dit is daarom verkieslik dat alle bome teen Oktober geplant is.
- Poog om aksies soos grondvoorbereiding en die installasie van opleistelsels en besproeiingsisteme vroeër af te handel. Baie konstruksie maatskappye is of was tot onlangs ingeperk en meer masjiene mag dalk beskikbaar wees om nou met grondvoorbereiding te help.
- Kanselleer bome vroeëtydig.

Opsomming:

- Tydige uitvoering van alle vereiste aksies.
- Plant so spoedig moontlik of berg bome in koelkamers.

4. Hoe gaan ek my vroeë kultivars oes indien 'n aansienlike aantal arbeidsure vanweë Covid-19 verloor word?

- Steenvrugte kan meer gereeld geoes word – kleiner hoeveelhede per dag; maar oes elke dag.
- Daarteenoor, in kernvrugte waar 'n groot seisoenale arbeidsmag nodig is vir oes, moet die kompromie van minder, maar groter plukke (dus meer vrugte elke pluk) oorweeg word.
- Pas besoldigingstrukture aan om werkers te motiveer om langer ure te werk.
- Naburige plase kan die oes saam beplan en mekaar help tydens oestyd.
- Gebruik AVG of 1-MCP waar geregistreer om te help met oesskedulering en tydsberekening in ooreenstemming met die beskikbaarheid van arbeid.
- Ten einde laaste kan produsente probeer om gesonde individue vanuit die seisoenale of werklose poel te werf.

Opsomming:

- Stel gebeurlikheidsplanne op vir oes per kultivar en boord.
- Werk saam met bure.

Bykomende notas:

- *Dit is raadsaam om ekstra trekker- en miskien ook vorkhyserdrywers op te lei sodat vrugte vanuit die boord vervoer en aflaai/opstapel/oplaai van kratte kan voortgaan in die afwesigheid van die gewone drywers.*

FRESH NOTES

A TECHNICAL UPDATE PUBLISHED BY HORTGRO SCIENCE

5. Hoe gaan werk op my plaas voortgaan indien ek en/of middelvlak bestuur Covid-19 onderlede het?

- Elke plaas het 'n risikobestuurplan nodig.
- Verlaag die risiko om Covid-19 op te doen. Wees versigtig en moenie vergaderings ens. bywoon waarop oor afstand met een van verskeie aanlyn platforms ingeskakel kan word nie. Dieselfde geld vir tegniese advies; aanvaar aanlynkonsultasies waar moontlik en pas sosiale afstandbeheer toe gedurende besoeke.
- Indien die plaasbestuur simptome toon, kan kommunikasie steeds via verskeie media plaasvind.
- Gebeurlikheidsplanne moet opgestel word vir die minder waarskynlike geval dat die normale leierskorps nie take op 'n daaglikse basis kan kommunikeer nie. Verseker dat detail planne neergeskryf is - per kultivar/boord vir take soos uitdun, besproeiing, bemesting, somersnoei, ens. Voltooi hierdie planne teen middel winter sodat dit uitgevoer kan word in die afwesigheid van die bestuur. Die hele bestuursplan en ook aan spanleiers moet ingelig word van die planne.
- In die geval van kleiner plase kan 'n tweede-vlak leierskap geïdentifiseer word of die gebeurlikheidsplanne kan ook naburige boere betrek om te help met bestuurstake indien die eienaar nie beskikbaar is nie.

Opsomming:

- **Alle aksies moet vooraf beplan en aan die hele bestuur gekommunikeer word.**
- **Werk saam met bure.**

6. Is daar 'n risiko dat ek dalk nie die nodige chemikalieë (rusbreekmiddels, pes- en swamdoders, bemesting, ens.) gaan kan aanskaf nie en hoe spreek ek hierdie risiko aan?

- Volgens agrichemiese maatskappye het hul voorraad voldoende vir die 2020/21 seisoen – daar is dus absoluut geen rede vir paniekaankope soos met toilet papier nie...Probleme met invoer en plaaslike logistiek mag dalk korttermyn tekorte veroorsaak, maar enige probleme wat ervaar word behoort via goeie kommunikasie met verskaffers aangespreek kan word.
- Die voorspelde beskikbaarheid van plantbeskermingsprodukte, plantgroeireguleerders en bemestingstowwe moet vroegtydig met verskaffers bespreek word en aankope kan dienooreenkomstig beplan word. Die verskaffers is die eksperts en hulle sal eerstehands en die beste weet wat om te verwag.
- Produkte wat op bestelling gemaak word soos nette of net-verwante produkte moet vroegtydig bestel word.

FRESH NOTES

A TECHNICAL UPDATE PUBLISHED BY HORTGRO SCIENCE

- Wees oop en eerlik oor behoeftes en vind 'n oplossing wat werk vir beide produsent en verskaffer.
- Almal weet van die Rand se aansienlike verswakking oor die afgelope weke. Wat niemand egter weet nie is of die Rand se verswakking gaan voortduur en of dit eerder gaan verstewig nie. Onsekerheid is ongelukkig die enigste sekerheid rakende die prys van ingevoerde produkte. Bespreek die moontlikheid om huidige seisoen voorraad te koop en onderhandel betaling opsies wat vir beide partye pas. Let daarop dat alhoewel prys belangrik is, voorsiening krities is.
- Moenie naoesbemesting en blaarvoeding afskeep in afwagting op tekorte nie.
- Oorweeg die gebruik van 'n bemestingverspreier of bemesting in besproeiingwater (fertigation) vanweë die laer arbeidsbehoefte.

Opsomming:

- **Daar behoort nie 'n tekort aan landbou-chemikalieë te wees nie, maar gesels gereeld met verskaffers.**

Bykomende notas:

- *Dit is raadsaam om ekstra trekkerdrywers op te lei sodat die toediening van rusbreek-, en chemiese uitdunmiddels sowel as gewasbeskermingprodukte en plantgroeireguleerders voortgeset kan word indien die gewone drywers nie beskikbaar is nie.*